NG JEFFREYSBAAI

Raak bewus

Raak stil saam met God, net rustig, bewus van wat om jou aangaan, maar gefokus en met afwagting dat Hy saam met jou is.

Oordink die Woord

Lees *Romeine 12*.

- In *Deon Loots* se reeks oor dissipelskap leer ons om werklik te fokus om jou liggaam stukkie vir stukkie in diens van God te stel. Spandeer bietjie tyd met die gedagte, en dink wat dit beteken om van jou voete tot by jou kop alles in diens van God te stel. Dink ook wat dit beteken om jou ore, oë, gedagtes, tong, vingers, alles in diens van God te stel. Dink na hoe dit alles in diens van jou sondige natuur is, en hoe dit anders lyk in diens van God.
- Dink wat die wêreldse dinge is wat jou denke en optrede bepaal, wat in jou denke kom nes maak, en waar dit vandaan kom.
- Let op dat ons in baie van ons gedrag optree volgens wêreldse beginsels, nl wat sal mense sê, wat gaan ek wen, wat gaan ek verloor, wat gaan ek kry. Wat beteken dit dat alles eintlik gaan oor God en nie oor myself nie?
- Dink weer oor die verhaaltjie van die tuin. Hoe lyk jou lewe as jy die verhaal gebruik as metafoor?

Deel

- Deel met mekaar ook op die groter vlak van hoe die wêreld lyk en hoe ons kultuur lyk, wat die impak van die wêreld op ons lewenskeuses is. Wat is goed en reg, en wat moet verander?

Gebed